



Waar
Geloof
LEWE
word

ADVENTSDIENSTE 2017

GOD KOM BY ONS WOON

Jy word hartlik uitgenooi na al die feestelike geleenthede van jou geloofs-familie tydens die Kerstyd. Kom geniet en beleef die vreugde van God se teenwoordigheid!! Nooi gerus ook jou vriende, bure en familie saam!

Sondag, 3 Desember

09:00 Tema: God kom by ons
woon
(Jes 64:1-8)

Sondag, 10 Desember

09:00 Tema: Uit en Tuis
(Fil 4:2-8)

Saterdag, 16 Desember

09:00 Inter-Kerklike
Versoenings-diens by
NG Kerk Garsfontein

Sondag, 17 Desember

09:00 Tema: Oos, Wes, Tuis bes
(Mat 11:25-30)

Sondag, 24 Desember

Geen erediens

Maandag, 25 Desember

09:00 Tema: Tuiskoms - God-by-
ons én Ons-by-God
(Joh 1:1-18)
Kersoffers ten bate van ons
plaaslike CMR Kinderfonds

Sondag, 31 Desember

09:00 Oujaarsdiens

DIENSTE BY OOSTVALLEI:

Hierdie dienste sluit af op Sondag 10 Desember 2017 en hervat weer op Sondag 14 Januarie 2018 om 09:00.

SEPEDI & isiZULU DIENSTE:

Hierdie dienste sluit af op Sondag 3 Desember 2017 en hervat weer op Sondag 21 Januarie 2018 om 15:00.



RIGLYNE VIR 'N VREUGDEVOLLE EN KLEURVOLLE BELEWENIS VAN KERSFEES

"Advent" beteken "koms". Kersfees is die viering van Christus se eerste koms na die wêreld! Die 4 Sondae voor Kersfees (Adventsondae) skep 'n heerlike atmosfeer van afwagting en berei ons voor vir die Kersvieringe.

Die **ADVENTSKRANS** is 'n krans met drie koningsblou kerse, een ligroos kers en 'n groot wit kers in die middel wat as die Christus-kers bekend staan. Daar kan op die vier Sondae voor Kersdag op **HOOP, VREDE, VREUGDE** en **LIEFDE** gefokus word. Elke Sondag word daar nog 'n kers van die krans aangesteek . . . en op Kersdag ook die groot wit kers! Simbole wat hiervoor gebruik kan word, is 'n anker vir hoop, 'n duif vir vrede, 'n engel vir vreugde en 'n hart vir liefde.

Die **KERSBOOM** is wêreldwyd deel van die simbole van Kersfees. Die kersboom kan gesien word as die **Isai-stomp** (verwysend na Jes 11:1-10). Gesinne kan die kersboom saam versier, die gedeelte uit Jesaja lees en gesels oor die betekenis van Kersfees.

Die gebruik om vir mekaar **GESKENKE** te gee tydens Kersfees kan gebruik word om mekaar te herinner aan die groot Geskenk wat God vir ons gegee het met sy Seun Jesus wat gebore is!

Kersfees is laastens 'n **TYD VAN WELWILLENDHEID**. Gebruik dit om God se liefde sigbaar uit te leef teenoor minderbevoorregtes.

GESEËNDE CHRISTUSFEES!!



KERSPROJEKTE 2017

Kerstyd is 'n tyd vir geskenke.

Kies een van die volgende vir jou bydrae en handig dit in by die eredienste, kerkkantoor of by Pharos

Vir elektroniese bydraes, sien keersy vir bankbesonderhede en verwysings vir betaling

BEDERFIE VIR BEJAARDES

SAVF Margaretha Ackerman
Tehuis (Pretoria Wes) bied
akkommodasie aan ongeveer
175 selfversorgende en
verswakte bejaardes.

Hannes Claassen en sy
groeigroep is vir meer as 10 jaar
betrokke by die tehuis en
besoek hulle ten minste een
maal 'n kwartaal.

Kontakpersone:

Marina Claassen 083 722 7020
en Jenny Marais 082 291 2134.

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

Die onmiddellike (en grootste) nood:

- ongeveer 80 melamienborde vir die verswakte inwoners (bord, papbakkie, eetgerei)
- enkelbed-paslakens vir die hele tehuis (ongeveer 175 paslakens).

Dringende behoefte:

- weggoobare skeermesse
- roll on, en
- deodorant

'n Spesiale bederfie vir Kersfees:

- Koekies
- Chips
- Vrugtestafies
- koeldrank



"HAMPERS VIR HAWELOSES" OP KERSDAG

Ons het 'n Kersdag-tradisie waar ons hampers uitdeel aan haweloses om die vreugde van Kersfees met hulle te deel. Vir die laaste paar jaar het Theuns en Heléne du Plessis die leiding geneem met die projek. Kontakpersoon:
Theuns du Plessis 083 226 3136

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

Deur:

- 'n finansiële bydrae van minstens R150 te maak.
- hampers te help pak
- op Kersdag te help met die uitdeel van die hampers.

"SKRYFBEHOEFTE VIR SLIMKOPPE"

Pharos verskaf jaarliks nuwe skryfbehoeftes aan behoeftige kinders. Die kinders word geïdentifiseer deur maatskaplike werkers van skole in die omgewing en die CMR. Pakkette word aangekoop vir die verskillende grade,

sodat die leerders gereed is vir die skooljaar.

Projekleier:

Estelle Bruhns 083 357 6566

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

Maak asb 'n kontant bydrae aan Pharos met die verwysing "Skryfbehoeftes".

"KOS VIR HONGER MAGIES"

Pharos voorsien maandeliks kos aan ongeveer 10 gesinne en verskeie individue. As geloofsonderneming is ons hiervoor volledig afhanklik van die bydraes van "Vriende van Pharos".

Projekleier:

Jan Conradie 012-993 2908

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

Enige nie-bederfbare produkte is welkom. Sien www.pharos.org.za

EFT BYDRAES

Lux Mundi Gemeente

ABSA, Menlynpark (335 645)

Rek: 2310 590 544

Betalingsbewys met verwysing na:
finansies@luxmundi.org.za

Pharos Gemeenskapsentrum

ABSA, Menlynpark (335 645)

Spaarrek: 921 992 7266

Betalingsbewys met verwysing na:
info@pharos.org.za

NB: Verwysing vir betalings: "bederfie", "hampers", 'skryfbehoeftes" of "kos"